



Etiese Handelsinisiatief

Respek vir werkers wêreldwyd

Hersiene bewoording van klousule 6 van die EHI-basiskode

6. Werksure is nie buitensporig nie

6.1 Werksure moet aan nasionale wetgewing, kollektiewe ooreenkomste, en bepalings 6.2 tot 6.6 hieronder voldoen, na gelang van wat meer beskerming aan werkers verskaf. Subklousules 6.2 tot 6.6 is gebaseer op internasionale arbeidstandaarde.

6.2 Werksure, met uitsluiting van oortyd, sal deur 'n kontrak bepaal word, en sal nie meer as 48 uur per week* oorskry nie.

6.3 Alle oortyd sal vrywillig wees. Oortyd sal verantwoordelik aangewend word, met inagneming van die volgende: die omvang, gereeldheid en ure gewerk deur individuele werkers en die arbeidsmag in geheel. Dit sal nie aangewend word om gewone werk te vervang nie. Oortyd sal altyd teen 'n premium tarief vergoed word, wat aanbeveel word as nie minder as 125% van die gewone loontarief nie.

6.4 Die totale ure gewerk tydens enige periode van 7 dae sal nie meer as 60 uur oorskry nie, behalwe soos deur klousule 6.5 hieronder gedek.

6.5 Werksure mag slegs onder buitengewone omstandighede 60 uur in enige periode van 7 dae oorskry waar daar aan die volgende voldoen is:

- dit word deur nasionale wetgewing toegelaat;
- dit word toegelaat deur 'n kollektiewe ooreenkoms wat vryelik onderhandel is met 'n werkersorganisasie wat 'n beduidende deel van die arbeidsmag verteenwoordig;
- toepaslike voorsorgmaatreëls word onderneem om die werkers se gesondheid en veiligheid te beskerm; en
- die werkgewer kan bewys dat buitengewone omstandighede van toepassing is soos onverwagse produksiespitstye, ongelukke of noodgevalle.

6.6 Werkers sal ten minste een dag af kry in elke periode van 7 dae of, waar dit deur nasionale wetgewing toegelaat word, 2 dae af in elke periode van 14 dae.

* Internasionale standaard beveel die toenemende vermindering van gewone werksure aan, wanneer van toepassing, na 40 uur per week, sonder enige vermindering van werkers se lone soos ure verminder word.